
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

# NASIENRIGLYNE

## GEOGRAFIE

## (VRAESTEL 2)

**28 bladsye**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**RIGLYNE VIR DIE NASIEN VAN GEOGRAFIE – JUNIE 2026**

Die volgende nasienriglyne is ontwikkel om nasienprosesse te standaardiseer.

**NASIEN**

- ALLE antwoorde moet nagesien word, ongeag of hulle korrek of verkeerd is.
- Waar die maksimum punte vir ŉ bepaalde vraag toegeken is, plaas ŉ Ⓜ oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is.
- ŉ Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word: ✓
  - As EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word: ✓
  - As TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word: ✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor die punt toegeken word.
  - Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskillende lae van moderering gaan plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet nagesien word met ŉ duidelike, netjiese kruis: **X**
- Gebruik MEER as een kruis oor ŉ paragraaf/besprekingstylvrae om aan te dui dat alle feite oorweeg is.
- MOENIE ŉ streep deur ŉ verkeerde antwoord trek NIE.
- MOENIE die verkeerde feite onderstreep NIE.

**LET OP DIE VOLGENDE**

- As die nommering verkeerd of uitgelaat is, kan kandidate gekrediteer word, solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word.
- Spelfoute – as die antwoord herkenbaar is, ken die punte toe, mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die betekenis van ŉ antwoord, wat op ŉ ander manier gestel kan word.
- In ŉ vraag waar die letter die aanvaarbare antwoord is maar die leerder die woord neergeskryf het, moet die antwoord reggemerk word.

**TOTALE EN OORDRAG VAN PUNTE**

- Elke subvraag moet opgetel word.
  - Vrae in Afdeling A het vyf subafdelings, dus word vyf subtotale per vraag vereis. Afdeling B het drie onderafdelings en dus drie subtotale.
  - Subafdeling totale moet aan die einde van die subafdeling in die regterkantste kantlyn geskryf en onderstreep word.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word.
  - Laat ruimte oop om die gemodereerde punte op verskillende vlakke te skryf.
- Tel subtotale bymekaar en dra die totaal oor na die boonste linkerhandse kantlyn langs die vraagnommer.
- Dra die finale totaal oor na die omslag van die antwoordboek.

**MODERERING**

- Nasien op elke vlak van moderering word op dieselfde manier as die aanvanklike nasien gedoen. Alle riglyne vir nasien moet nagekom word.
- As ŉ punt vir ŉ subvraag na moderering verander word, moet die moderator die nasiener se punt doodtrek en die nuwe punt as volg neerskryf, ~~12~~ 16.

Die totaal vir die vraag moet weer bereken word, en die vorige totaal moet doodgetrek word, die nuwe totaal moet as volg neergeskryf word, ~~26~~ 36.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VOORBEELD VIR NASIEN

## VRAAG 1


1.1 1.1.1 A (Suid-Atlantiese Hoog) ✓
1.1.2 B (Kalahari Hoog) ✓
1.1.3 B (Suid-Indiese) X — 2

1.2 1.2.1 Smeltende sneeu ✓
1.2.2 Mond X
1.2.3 Derde orde ✓ — 2

1.3 1.3.1 Katabaties X

1.3.2 1 vind plaas gedurende die dag terwyl 2 in die nag voorkom ✓✓

1.3.3 Koue lug rol in die vallei af ✓✓ en vorm 'n inversie
Lug vloei helling afwaarts ✓✓



6

1.4 1.4.1 Vorm van voorste konkaaf X
Steil gradiënt van front ✓

1.4.2 Warm lug onderskep die koue lug X

1.4.3 Lug agter die kouefront is kouer ✓✓ as die lug voor dit. Koue lug beweeg vinniger as ✓✓ die warm lug voor dit. Koue front haal die warm front in. — 5

1.5 1.5.1 (a) 'n Rivier wat die hele jaar deur vloei. X
(b) Die rivierkanaal is wyd. X
(c) Gereeldheid van reënval ✓✓ en die grondtipe waaroor die strome vloei. ✓✓

1.5.2 Gauteng ✓ en die Oos-Kaap X

1.5.3 Die koste van voedselproduksie sal daarmee toeneem, ✓✓ dis duur om gesuiwerde water te koop. Boere sal meer chemikalieë moet koop om water te suiwer. Chemikalieë kos baie, en dit sal produksiekoste verhoog. Dit sal duur wees om water vir gebruik in elektrisiteitsopwekking te suiwer. Hierdie koste sal in elektrisiteitspryse ingesluit wees. Koste sal die prys van elektrisiteit tydens produksie verhoog. Daar sal minder skoon water wees om hidroëlektrisiteit te genereer. — 7

M

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**

**LANDELIKE NEDERSETTINGS**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 A.

1.1.1 Watter van die volgende is WAAR van verspreide nedersettings?

A Hulle kom voor in hoëdigtheid-stedelike gebiede.
B Wonings word rondom kerke en markte gebou.
**C Wonings is ver van mekaar af.**
D Mense woon in meerverdiepinggeboue.

1.1.2 In 'n verspreide nedersetting ...

A is bevolkingsdigtheid hoog.
**B is inwoners meer kwesbaar vir misdaad.**
C is daar groter sosiale interaksie tussen inwoners.
D is daar dikwels groter toegang tot dienste.

1.1.3 Wat is 'n nadeel van gekernde nedersettings?

A Groter toegang tot dienste.
B Beter gemeenskapsondersteuning.
C Groot stukke grond is beskikbaar vir eienaarskap.
**D** Oorbevolking en besoedeling.

1.1.4 'n Voordeel van verspreide nedersettings is:

A Gesentraliseerde infrastruktuur.
**B Hoër winste.**
C Maklike toegang tot dienste.
D Hoë vlakke van sosiale interaksie.

1.1.5 Watter van die volgende is 'n sosiale voordeel van gekernde nedersettings?

A Groter privaatheid.
B Isolasie van ander.
**C Verhoogde gemeenskapsaktiwiteite.**
D Stadiger dienslewering.

1.1.6 'n Nadeel van verspreide nedersettings is:

**A Beperkte toegang tot skole en klinieke.**
B Oorbevolking.
C Verspreiding van siektes.
**D Hoë misdaadsyfers.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.7 'n Uitdaging om dienste aan 'n verspreide nedersetting te lewer is:

A Te veel mense in een gebied.
B Werkloosheid.
**C Hoë koste van infrastruktuurontwikkeling.**
D Hoë geboudigtheid.

1.1.8 Gekernde nedersettings word gewoonlik gevind in gebiede met:

A slegte omgewingstoestande.
B geïsoleerde plase.
**C 'n tekort aan bewerkbare grond.**
**D 'n hoë bevolkingsdigtheid.**

(8 x 1) (8)

1.2 Kies die korrekte term/konsep tussen hakies om die volgende stellings WAAR te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.8 ligging.


1.2.1 Die (**fisiese ligging**/funksie) van 'n landelike nedersetting word beskryf as sy standplaas.

1.2.2 Die (afstand/**verhouding**) tussen 'n landelike nedersetting en sy omgewing beskryf sy ligging.

1.2.3 (Handelsroete-toegang/**Geleidelike helling**) word in ag geneem wanneer die landelike nedersetting beskryf word.

1.2.4 Lae reënval word as 'n (standplaas/**liggings-**) faktor in 'n landelike nedersetting beskou.

Verwys na die diagram hieronder om VRAAG 1.2.5 tot 1.2.7 te beantwoord.




**[Bron: https://www.savemyexams.com/o-level/geography/]**

1.2.5 Die nedersettingsvorm wat in die diagram getoon word, kan as (**kruispad**/T-vormig) geklassifiseer word.

1.2.6 Die hoofrede vir die vorm van die nedersetting is die kruising van (**vervoerroetes**/kraglyne).

1.2.7 'n Voordeel van die nedersetting wat getoon word, is (**maklike**/moeilike) toegang vanuit verskeie rigtings.

(7 x 1) (7)

SA EXAM PAPERS Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Verwys na die uittreksel oor landelike ontvolking.

**SLEUTELPROBLEME VEROORSAAK DEUR LANDELIKE ONTVOLKING**

Die lewenstandaard in landelike gebiede neem af. Besighede sluit en dienste word skaars, wat mense dwing om landelike gebiede te verlaat.

Dit is ook nie ongewoon dat inwoners kla oor die gebrek aan dienste, mediese hulp en selfs banktakke nie. Al hierdie dinge verarm (maak armer) hierdie munisipaliteite en hul inwoners.

Omgewingsgevolge gebeur wanneer boere, wat tradisioneel vir die platteland gesorg het, nie meer instandhouding verskaf nadat hulle hul plase verlaat nie. Dit lei tot die groei van bosse en plantegroei wat die intensiteit van onverwagte brande verhoog.

**[Aangepas uit https://www.mapfre.com/en/insights/sustainability/rural-despopulation]**

1.3.1 Definieer die term *landelike ontvolking*.

**Die (beduidende) afname in die bevolking van landelike gebiede, (dikwels gedryf deur faktore soos verstedeliking, ekonomiese geleenthede en veranderinge in landboupraktyke.) [KONSEP]**
(1 x 2) (2)

1.3.2 Haal EEN gevolg van landelike ontvolking uit die leesstuk aan.

**"Besighede sluit" (2)**
**"… dienste begin skaars raak ..." (2)**
**"intensiteit van onverwagte brande verhoog" (2)**
**"lewenstandaard in landelike gebiede neem af" (2)**
**"...gebrek aan dienste." (2)**
**"Al hierdie dinge verarm (maak armer) hierdie munisipaliteite en hul inwoners." (2)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.3.3 Verduidelik hoe die gebrek aan dienslewering munisipaliteite kan verarm (om armer te maak).

**Verminderde inkomste/inkomste uit die lewering van munisipale dienste (aanvaar voorbeelde). (2)**
**Verminderde omset/inkomste uit munisipale tariewe en belasting. (2)**
**Swak infrastruktuur verminder belegging in die munisipaliteit. (2)**
**Munisipale indiensnemingsgeleenthede is beperk, wat die belastingbasis verminder. (2)**
**[ENIGE TWEE]** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3.4 Identifiseer die natuurlike gevaar wat veroorsaak word deur die verlating van plase.

**Veldbrande. (1)**
**(Onverwagte) Brande (1)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe die verbetering van basiese dienste deur landelike munisipaliteite kan help om landelike ontvolking te verminder.

**Toegang tot skoon water/sanitasie/elektrisiteit verbeter lewenstandaarde in landelike gebiede. (2)**
**Toegang tot kwaliteit gesondheidsorg verminder** die **behoefte om na stede te verhuis. (2)**
**Toegang tot ontspanningsgeriewe verhoog sosiale interaksie in landelike gebiede. (2)**
**Opgradering/Instandhouding van infrastruktuur kan werksgeleenthede in landelike gebiede skep. (2)**
**Opgradering/instandhouding van infrastruktuur kan beleggings in landelike gebiede lok. (2)**
**Die verbetering van sosiale geriewe bevorder sosiale samehorigheid in landelike gebiede. (2)**
**Die verskaffing van basiese dienste bevorder die groei van klein besighede. (2)**
**Landbouproduksie neem toe wanneer basiese dienste gelewer word. (2)**
**Die voorsiening van veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls moedig mense aan om in landelike gebiede te bly. (2)**
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)
**[15]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4 Verwys na die infografika.

**STOOT- EN TREKFAKTORE**




**LANDELIKE ONTWIKKELING**

"Baie gemeenskappe het grond ontvang deur restitusie en herverdeling, maar die sukses van hierdie projekte was beperk as gevolg van die gebrek aan opleiding, swak infrastruktuur en beperkte toegang tot kapitaal." – Departement van Landelike Ontwikkelingsverslag (2023)

**[Bron: https://mammothmemory.net/geography/geography-vocabulary/urban-issues-and-challenges/migration.html]**

1.4.1 Identifiseer 'n sosiale trekfaktor wat in die skets getoon word.

**"Modern" (1)**
**"Skole" (1)**
**“Kos” (1)**
**“Werk” (1)**
**“Huise” (1)**
**“Rykdom” (1)**
**“Geld” (1)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.4.2 Identifiseer 'n omgewingsstootfaktor wat in die skets getoon word.

**"Droogte" (1)** (1 x 1) (1)

1.4.3 “GEEN GROND” word as 'n stootfaktor in die skets aangedui. Definieer die term *grondhervorming*.

**Grondhervorming is 'n program wat daarop gemik is om grond te herverdeel om vorige onregte aan te spreek. [KONSEP] (2)** (1 x 2) (2)

1.4.4 Identifiseer EEN tipe grondhervormingsprogram wat in die uittreksel genoem word.

**Grondrestitusie (1)**
**Grondherverdeling (1)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4.5 Verduidelik hoe grondhervorming die lewens van landelike inwoners sal verbeter.

**Spreek historiese onregte en ongelykhede aan. (2)**
**Bevorder ekonomiese ontwikkeling. (2)**
**Lewenstandaard sal verbeter (2)**
**Verlig landelike armoede (2)**
**Voedselsekerheid te bevorder (2)**
**Skep meer werksgeleenthede. (2)**
**Verbeter landelike infrastruktuur en dienste. (2)**
**Bevorder sosiale insluiting en bemagtiging. (2)**
**Bevorder volhoubare grondgebruik. (2)**
**Moedig omgewingsbeskerming aan. (2)**
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4.6 Verduidelik waarom toegang tot kapitaal nodig is om die sukses van grondhervormingsprojekte te verseker.

**Om infrastruktuur te ontwikkel (aanvaar voorbeelde). (2)**
**Om landboutoerusting aan te koop (aanvaar voorbeelde). (2)**
**Om sade en kunsmis te koop. (2)**
**Om toegang tot markte te kry. (2)**
**Om moderne boerderymetodes te implementeer. (2)**
**Om vir bedryfskoste te betaal (aanvaar voorbeelde). (2)**
**Om nuwe boere op te lei. (2)**
**Verbetering van navorsingsmetodes. (2)**
**Die proses sal vinniger en meer effektief wees a.g.v. meer kapitaal (2)**
**Nuwe grondeienaars kan die grond ontwikkel indien hulle oor voldoende kapitaal beskik. (2)**
**Die regering kan in opleidingsprogramme belê om die grond meer produktief te maak. (2)**
**Meer grond kan in kommersiële plase omskep word. (2)**
**Grond beskikbaar vir ontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)**
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

**[15]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 Verwys na die artikel hieronder oor toegang tot gesondheidsorgdienste in landelike gebiede en beantwoord die vrae wat volg.

**HINDERNISSE TOT GESONDHEIDSORG IN LANDELIKE GEBIEDE**

Vir baie mense in landelike Suid-Afrika is toegang tot gesondheidsorg vol uitdagings. Klinieke is dikwels ure ver weg geleë, wat duur of uitputtende reise vereis, wat baie mense nie kan bekostig nie. Selfs wanneer pasiënte wel by 'n kliniek aankom, kan hulle gekonfronteer word met oorlaaide personeel, lang rye en 'n gejaagde, onpersoonlike ervaring.

Hierdie uitdaging is veral kompleks (moeilik) in arm gemeenskappe. Dekades van sistemiese ongelykhede beteken dat baie mense huiwerig is om gesondheidsorg-verskaffers in gesagsposisies te bevraagteken of te nader.

Dit kan lei tot vertraagde sorg, 'n wisselvallige gesondheidsgeskiedenis en swak nakoming van behandelingsplanne – faktore wat gesondheid ernstig kan beïnvloed.

**[Aangepas uit https://bhekisisa.org/opinion/2025-01-29-rural-areas-need-these-health-workers-so-does-the-nhi/]**

1.5.1 Volgens die artikel, waarom is toegang tot gesondheidsorgdienste in landelike gebiede 'n uitdaging?

**Klinieke is dikwels ure weg geleë. (1)**
**Vereis duur/lang reise (1)**
**Lang rye (1)**
**Oorlaaide personeel (1)** (1 x 1) (1)

1.5.2 Beskryf die toestande van gesondheidsorgfasiliteite in landelike gebiede volgens die artikel.

**Die personeel by die klinieke is oorlaai met werk (2)**
**Lang rye wat wag om gehelp te word (2)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.5.3 Volgens die artikel, hoekom word die uitdagings van gesondheidsorgdienste in landelike gebiede nie aangespreek nie?

**Na dekades van sistemiese ongelykhede is baie mense huiwerig om gesondheidsorgverskaffers in posisies van gesag te nader. (2)**
(1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5.4 Beskryf die impak van die hindernisse tot gesondheidsorgdienste in landelike gebiede op die plaaslike bevolking.

**Laat diagnose en behandeling sal siektes veroorsaak wat kan vererger (2)**
**Verhoog die risiko van komplikasies of dood (2)**
**Sonder gereelde ondersoeke word entstowwe, moedersorg en voorkombare siektes meer algemeen (2)**
**Wanneer mense lank siek bly, hulle werk mis of nie effektief kan werk nie, en gesinne kan inkomste verloor en dieper in armoede verval (2)**
**Verhoogde swangerskapskomplikasies, voortydige geboortes en babasterftes (2)**
**Verspreiding van siektes (2)**
**Onbehandelde stres, depressie en angs word meer algemeen (2)**
**Toename in ongelesensieërde gesondheidsorgwerkers (2)**
**Vertraagde sorg (2)**
**Wisselvallige gesondheidsorg (2)**
**Swak nakoming van behandelingsplanne (2)**
**Gesondheidsorg gaan meer geld kos (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

1.5.5 Bespreek die ekonomiese impak van swak gesondheidsorg op landelike gemeenskappe.

**Werksverlies (2)**
**Armoede / Afname in lewenskwaliteit (2)**
**Dae by die werk gemis weens siekte (2)**
**Verlaging in produktiwiteit (op plase/landbou) (2)**
**Besighede maak toe (2)**
**Mense gaan geld op privaat mediese sorg moet spandeer (2)**
**[Enige TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.6 Stel strategieë voor wat die regering kan implementeer om toegang tot gesondheidsorg in landelike gebiede te verhoog

**Verskaf vervoer (2)**
**Bou fasiliteite nader aan gemeenskappe / Mobiele klinieke (2)**
**Bou meer gesondheidsorgfasiliteite (2)**
**Subsidieer gesondheidsorg in landelike gebiede (2)**
**Om opgeleide mediese personeel te verskaf (2)**
**Aansporings vir gesondheidswerkers (2)**
**[Enige TWEE]** (2 x 2) (4)

**[60]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: STEDELIKE NEDERSETTINGS

2.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A –D) langs die vraagnommer (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.9 A.

2.1.1 Die toename in die aantal mense wat in stedelike gebiede woon, staan bekend as:

A Stedelike uitbreiding.
B Verstedeliking.
C Landelike-stedelike migrasie.
**D Stedelike groei.**

2.1.2 Die spoed waarteen verstedeliking plaasvind staan bekend as:

**A Tempo van verstedeliking.**
B Teenverstedeliking.
C Vlak van verstedeliking.
D Stedelike groei.

2.1.3 Die ranglys van stedelike nedersettings van die kleinste tot die grootste staan bekend as:

A Stedelike verspreiding.
B Stedelike vlakke.
**C Stedelike hiërargie.**
D Stedelike orde.

2.1.4 … verwys na die aantal mense wat in stedelike gebiede woon.

A Verstedeliking
**B Vlak van verstedeliking**
C Tempo van verstedeliking
**D Stedelike groei**

2.1.5 Die groei van 'n stad buite sy bestaande grense, waar landelike gebiede in beboude stedelike ruimtes omgeskakel word, staan bekend as:

A Stedelike kwessies.
B Stedelike migrasie.
C Stedelike groei.
**D Stedelike uitbreiding.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAM PAPERS

2.1.6 Stedelike uitbreiding verwys na die ... uitwaartse verspreiding van stede na ... gebiede.

(i) beplande
(ii) onbeplande
(iii) voorstedelike
(iv) landelike

A (i) en (iii)
B (ii) en (iii)
C (i) en (iv)
**D (ii) en (iv)**

2.1.7 … verwys na 'n toenemende persentasie mense wat in stedelike gebiede woon, as gevolg van ...

(i) Landelike-stedelike migrasie
(ii) Verstedeliking
(iii) natuurlike groei
(iv) natuurlike agteruitgang

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
**C (ii) en (iii)**
D (ii) en (iv)

2.1.8 Die beweging van mense en aktiwiteite van stedelike na landelike gebiede staan bekend as:

A Verstedeliking.
**B Teen-verstedeliking.**
C Landelik-stedelike migrasie.
D Stedelike groei.

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat ooreenstem met die diagram KOLOM A. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.8 Y.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Die grondgebruiksone hieronder:  **[Bron: https://www.ingonyamatrust.org.za/real-estate/]** | **Y residensiële sone**<br>**Z** oorgangsone |
| 2.2.2 Die geboudigtheid in die grondgebruiksone hieronder is hoog.  **[Bron: https://www.jll.com/en-us/insights/market-dynamics/commercial-real-estate-in-south-africa]** | **Y** industriële grondgebruik<br>**Z kommersiële grond-gebruiksone** |
| 2.2.3 'n Kenmerk van die grondgebruiksone hieronder:  **[Bron: https://www.snl24.com/dailysun/news/gallery-the-state-of-johannesburgs-decaying-buildings-20231116]** | **Y** lae misdaad<br>**Z gemengde grond-gebruike** |

SA EXAM PAPERS Proudly South African




GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.4 Die straatplan hieronder beperk verkeersopeenhoping.




[Bron: Uittreksel van topografiese kaart 2530 BD Mbombela]

**Y** **Oneweredige**
**Z** Rooster


2.2.5 'n Rede vir die ontwikkeling van die winkelsentrum in die voorstede:




[Bron: https://ultrashort.info/R2mELm]

**Y** **laer grondwaardes**
**Z** hoër grondwaardes

2.2.6 Die stedelike struktuurmodel hieronder:




**Sleutel**
1 Sentrale Sake Kern
2 Groothandel ligte vervaardiging
3 Lae-klas residensieel
4. Middelklas residensieel
5 Hoë-klas residensieel
6 Swaar vervaardiging
7 Afgeleë sake kern
8 Residensiële gebiede
9 Industriële gebiede

[Bron: https://ultrashort.info/vnGaQ9]

**Y** Derde Wêreldstad.
**Z** **Meervoudige kerne.**

SA EXAM PAPERS Proudly South African




GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


| | |
|---|---|
| 2.2.7 Die lengteprofiel van 'n stad hieronder is 'n ... -aansig van die stad. | **Y** plan<br>**Z** **sy** |




**[Aangepas uit https://ultrashort.info/ZbpGY6]**

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na die diagram hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.




**[Bron: http://www.watd.wuthering.co.uk]**

2.3.1 Definieer 'n *sentrale plek*.

**Sentrale plek is die stedelike gebied wat goedere en dienste aan die omliggende landelike nedersettings verskaf. (2) (Konsep)** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.2 'n Persoon wat in 'n dorpie woon, koop lae-orde goedere by die (stad/markdorp).

**Markdorp (1**) (1 x 1) (1)

2.3.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.3.2.

**Lae-orde goedere is goedkoop goedere wat gereeld gekoop word en vereis 'n kort afstand om toegang daartoe te kry. (2)**
**Markdorp is die naaste aan die dorp, ideaal om toegang tot lae-orde goedere te kry. (2)**
**Markdorp het 'n kleiner reikwydte (2)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.3.4 Vergelyk die drempelbevolking van 'n stad met dié van 'n dorp.

**'n Stad het 'n groter drempelbevolking as 'n dorp. (2)**

**OR**

**'n Dorp het 'n kleiner drempelbevolking as 'n stad. (2)** (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik die verhouding tussen die grootte van sentrale plekke en die aantal sentrale plekke soos in die diagram getoon.

**Daar is meer klein sentrale plekke as groter sentrale plekke/daar is minder groot sentrale plekke as kleineres. (2)**
**Hoe kleiner die sentrale plek, hoe hoër die frekwensie (getal) en hoe groter die sentrale plek, hoe kleiner die getal. (2)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.3.6 Evalueer die ekonomiese belangrikheid van lae-orde sentrums.

**Lae-orde sentrums bied daaglikse goedere en dienste goedkoper aan, en mense spaar geld. (2)**
**Lae-orde sentrums het 'n korter reikafstand en vervoerkostes word gespaar. (2)**
**Lae-orde sentrums is maklik toeganklik en bespaar tyd en geld. (2)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAM PAPERS

2.3.7 Stel TWEE redes voor waarom dit belangrik is dat die hoë-orde sentrum 'n groter invloedsfeer het.

**Hoë-orde sentrums verskaf meer goedere en dienste, en hulle benodig meer kliënte om winsgewend te bly. (2)**
**Daar is meer goedere en dienste van hoë-orde sentrums, en hulle vereis meer mense om volhoubaar te wees. (2)**
**'n Groot invloedsfeer sal meer kliënte verskaf, en meer wins sal behaal word, wat belangrik is vir die volhoubaarheid van die besigheid. (2)**
**Hoër-orde sentrums bied duur goedere en dienste aan. (2)**
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

**[15]**

2.4 Verwys na die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BINNE-IN JOHANNESBURG SE STEDELIKE KRISIS: VAN EKONOMIESE SENTRUM TOT 'N STAD IN VERVAL**

Teen die tyd wat die "Groepsgebiedewet" en invloeibeheer heeltemal afgeskaf is, het honderde duisende mense na die stede gemigreer. Dit het gelei tot vinnige verstedeliking wat gelei het tot stedelike verval soos wat in die meeste Suid-Afrikaanse stede ervaar is. Met vinnige verstedeliking het oorbevolking gevolg en verstedeliking kan die samelewing indirek beïnvloed deur by te dra tot gesondheidsprobleme as gevolg van besoedeling en voedseltekorte. Hillbrow, 'n deel van Johannesburg se Sentrale Sakekern (SSK), het beduidende stedelike agteruitgang ervaar. Dit word gekenmerk deur vervalle infrastruktuur en hoë misdaadvlakke. Eens 'n lewendige en glansryke area, het dit nou sinoniem geword met armoede, vuilheid en 'n gevoel van chaos.





**[Aangepas uit https://iol.co.za/news/2025-01-04-inside-johannesburgs-urban-crisis-from-economic-hub-to-city-in-decay/#google_vignette]**

2.4.1 Identifiseer die stedelike kwessie waarna daar in die infografika verwys word.

**Stedelike verval (1)** (1 x 1) (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.2 Volgens die uittreksel, wat is die hoofoorsaak van die stedelike probleem wat in VRAAG 2.4.1 geïdentifiseer is?

**(Vinnige) verstedeliking (1)**
**Invloeibeheer (1)**
**Afskaffing van die Groepsgebiedewet (1)**
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.3 Identifiseer 'n sosiale impak van die stedelike kwessie uit die infografika.

**Misdaad (1)**
**Armoede (1)**
**Chaos (1)**
**Oorbevolking (1)**
**Voedseltekorte (1)**
**Gesondheidsprobleme (1)**
**[Enige EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.4 Verduidelik die impak van oorbevolking op die volhoubaarheid van stede.

**Druk op beskikbare dienste soos elektrisiteit, vullisverwydering en water (2)**
**Verhoogde vlak van besoedeling (2)**
**Tekort aan huise (2)**
**Onvoldoende werkbeskikbaarheid (2)**
**Skade aan infrastruktuur (2)**
**Onvoldoende infrastruktuuronderhoud (2)**
**Ontwikkeling van informele nedersetting / slums/ krotbuurte / plakkerkampe (2)**
**Oormatige afhanklikheid van die informele sektor, en verlies aan inkomste (2)**
**Toename in misdaad / sosiale euwels (2)**
**Onwettige besetting / kaping van geboue (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.5 Evalueer die impak van die stedelike kwessie wat in VRAAG 2.4.1 geïdentifiseer is op die ekonomiese ontwikkeling van 'n stad, bv. Johannesburg.

**Besighede sal na veiliger gebiede verhuis (2)**
**Minder werksgeleenthede lei tot 'n laer inkomste. (2)**
**Toename in misdaad verlaag ekonomiese geleenthede (2)**
**Minder toeriste wat die stad besoek en verlies aan buitelandse inkomste. (2)**
**(Besighede sal) meer geld aan veiligheid en sekuriteit bestee word en dus sal minder winste gemaak word. (2)**
**Huurders gaan uittrek en verhuurders gaan huurinkomste verloor. (2)**
**Verhuurders kan gedwing word om huur te verminder om huurders te lok en dus kleiner winsmarges te hê. (2)**
**Vermindering van buitelandse beleggings en vermindering van inkomste. (2)**
**Afname in stadsranglys verminder inkomste (2)**
**Die meeste van die stad se begroting sal aan stedelike vernuwing bestee word, wat die stad se inkomste verminder (2)**
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.4.6 Stel strategieë voor wat stadsmunisipaliteite kan implementeer om stede volhoubaar te maak vir besighede en mense.

**Verbeter (vervoer) infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)**
**Verbeter veiligheid deur goed opgeleide patrollies aan te stel om misdaad te beveg. (2)**
**Verbeter polisie-sigbaarheid in stede. (2)**
**Betrek gemeenskappe by besprekings oor die probleme wat hulle daagliks in die gesig staar. (2)**
**Gebruik GIS om hoë-misdaadsones te identifiseer en patrollies in geïdentifiseerde gebiede te intensiveer. (2)**
**Handhaaf stadsregulasies. (2)**
**Sloop van ou en verlate geboue wat deur misdadigers gebruik is. (2)**
**Hergebruik ou geboue wat steeds gebruik kan word. (2)**
**Strategieë soos gentrifikasie en chelseafikasie vir ou en vervalle geboue. (2)**
**Facadisme van geboue met argitektoniese sentiment. (2)**
**Moedig teenverstedeliking aan om druk op stedelike gebiede te verminder. (2)**
**Skep verhoudinge tussen openbare- en privaat sektore (2)**
**[ENIGE DRIE MOET NA BESIGHEDE EN MENSE VERWYS]** (3 x 2) (6)
**[15]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 Verwys na die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TSHWANE VERMINDER WATERVRAGMOTOR-AFLEWERINGS NA INFORMELE NEDERSETTINGS**

Die Stad Tshwane het die aantal dae wat dit water voorsien aan 168 informele nedersettings in Mamelodi verminder. Mayco-lid vir Menslike Nedersettings, Aaron Maluleka, het aangekondig dat die voorsiening vanaf 1 Augustus van daagliks tot vier dae per week verminder is.

Water sal "tot verdere kennisgewing" beskikbaar wees op Maandae, Woensdae, Vrydae en Saterdae, het Maluleka gesê.





**[Bron: https://groundup.org.za/article/tshwane-reduces-water-truck-deliveries-to-informal-settlements/]**

2.5.1 Definieer 'n *informele nedersetting*.

**Gebiede waar groepe behuisingseenhede op grond gebou is waarop die inwoners geen wettige aanspraak het nie, of onwettig bewoon (2) [Konsep]** (1 x 2) (2)

2.5.2 Identifiseer die gebrek aan diens lewering soos uit die leesstuk.

**Gebrek aan watervoorsiening (1)** (1 x 1) (1)

2.5.3 Noem TWEE uitdagings, uit die infografika (foto), wat die mense ervaar met die gebrek aan die dienste wat in VRAAG 2.5.2 genoem word.

**Dra water in emmers (1)**
**Wag vir water (1)**
**Haal water wat in tenks beskikbaar is (1)**
**Dra water vir (lang) afstande (1)**
**[Enige TWEE]** (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5.4 Beskryf die negatiewe impak van die gebrek aan dienste, soos in VRAAG 2.5.2 genoem, op die gesondheid van die inwoners van hierdie nedersettings.

**Kan lei tot watergedraagde siektes (2)**
**Swak persoonlike higiëne as gevolg van beperkte water vir was, wat die verspreiding van infeksies verhoog (2)**
**Onvoldoende sanitasie en onvermoë om toilette of afvalareas skoon te maak, veroorsaak opbou van kieme (2)**
**Afname in gemeenskapsgesondheid raak kinders, bejaardes en kwesbare groepe (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

2.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls stel maatreëls voor wat die plaaslike regering kan implementeer om dienslewering in informele nedersettings te verbeter.

**Voorsien basiese infrastruktuur soos skoon waterpunte, gemeenskaplike krane en behoorlike sanitasiefasiliteite (2)**
**Verbeter paaie en voetpaadjies om toegang tot nooddienste, afvalversameling en openbare vervoer moontlik te maak (2)**
**Installeer elektrisiteitsverbindings of veilige alternatiewe energiebronne om onwettige en gevaarlike verbindings te verminder (2)**
**Verbeter afvalbestuur deur gereelde vullisversameling en aangewese afvalverwyderingsareas te voorsien (2)**
**Ontwikkel behoorlike dreineringstelsels om oorstromings, stilstaande water en gepaardgaande gesondheidsrisiko's te verminder (2)**
**Implementeer behuisingsopgraderingsprogramme soos die voorsiening van diensterreine of inkrementele behuisingsondersteuning (2)**
**Versterk gemeenskapsdeelname deur inwoners by beplanning en besluitneming van dienste te betrek (2)**
**Verhoog polisiëring en veiligheidsmaatreëls om 'n veilige leefomgewing te skep (2)**
**Vestig mobiele klinieke of gesondheidsuitreikdienste om toegang tot gesondheidsorg te verbeter (2)**
**Verbeter koördinering tussen regeringsdepartemente om geïntegreerde en doeltreffende dienslewering te verseker (2)**
(4 x 2) (8)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 120**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAM PAPERS

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### AGTERGRONDINLIGTING OOR OOS-LONDEN




**Koördinate: 33°01′03"S; 27°54′17"O**

Oos-Londen (eMonti) is 'n kusstad in die Oos-Kaap, geleë tussen die Buffalo- en Nahoonriviere langs die Indiese Oseaan. Die stad het breë strate, 'n subtropiese klimaat en is 'n spilpunt vir visvang, vervaardiging en vervoer, met 'n spoorverbinding met die Vrystaat.

Die kusstreek van die Oos-Kaap kan waarskynlik daarop aanspraak maak as die geboorteplek van motorsport in Suid-Afrika en die eerste tuiste van die Formule Een Grand Prix (motorwedrenne).

Watersport, dolfynkyk, stap en fietsry is gewilde aktiwiteite. Nabygeleë wildreservate bied wildlewe-ervarings. Verder bied besienswaardighede soos die Oos-Londen Museum en Akwarium opvoedkundige waarde. Die natuurlike skoonheid, historiese hawe en toerisme-aanbiedinge maak Oos-Londen 'n belangrike ekonomiese en ontspanningsentrum in Suid-Afrika se suidooste.

**[Bron: Eksaminator-aanpassing van https://www.eastern-cape-info.co.za/provinces/town/580/east-london; https://www.britannica.com/place/East-London]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon.

| **ENGELS** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Sewerage works | Rioolwerke |
| College | Kollege |
| Rifle range | Skietbaan |
| Diggings | Uitgrawings |

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE (Verwys na die topografiese en ortofotokaart)**

3.1.1 Oos-Londen is geleë in:

A Noord-Kaap
B Suid-Kaap
**C Oos-Kaap**
D Wes-Kaap (1 x 1) (1)

3.1.2 Die reguitlynafstand van trig-baken 63 (**F**) in blok **D2** tot kolhoogte 49 (**G**) in blok **C1** is:

A 2,6 km
B 2 600 m
C 13 km
**D 1,3 km** (1 x 1) (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African




GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1.3 Verwys na die deursnit hieronder en beantwoord die volgende vrae.

**Deursnit van 6 – 7 op die ortofotokaart**




(a) Bereken die vertikale vergroting van die deursnit.

**FORMULE:** $\frac{\textbf{VERTIKALE SKAAL}}{\textbf{HORISONTALE SKAAL}}$

$\frac{\textbf{1 cm = 10 meter}}{\textbf{1 : 10 000}}$

$\frac{\textbf{1 : 1000 (1)}}{\textbf{1 : 10 000}}$ **Korrekte vervanging (1)**

$\frac{\textbf{1}}{\textbf{1 000}}$ **(1) x** $\frac{\textbf{10 000}}{\textbf{1}}$ **(1)**

**10 keer (1)**

**OF**

$\frac{\textbf{1 cm = 10 meter}}{\textbf{1 : 10 000}}$

$\frac{\textbf{1 : 10}}{\textbf{1 : 100}}$ **(1) Korrekte vervanging (1)**

$\frac{\textbf{1}}{\textbf{10}}$ **(1) x** $\frac{\textbf{100}}{\textbf{1}}$ **(1)**

**10 keer (1)** (5 x 1) (5)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

(b) Sal **B** sigbaar wees vanaf **A** op die deursnee?

**Nee (1)** (1 x 1) (1)

(c) Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.1.3 (b).

**Daar is 'n koppie/heuwel/hindernis in die pad (2)** (1 x 2) (2)

3.2 **KAARTINTERPRETASIE**

3.2.1 Identifiseer die mensgemaakte kenmerk wat by **H** in blok **B3** op die topografiese kaart gevind is.

A Nywerheidsgebied
B Rivier
**C Vullishoop**
D Gemengde gebruiksontwikkeling (1 x 1) (1)

3.2.2 Oos-Londen kan geklassifiseer word as 'n ... nedersettingstipe.

A sentrale plek
B poortdorp
**C vragverbrekingspunt**
D aansluitingsdorp (1 x 1) (1)

3.2.3 (a) Kan die Oos-Londen Grand Prix-renbaan (motorwedrenne) as 'n hoë-orde of lae-orde aktiwiteit beskou word?

**Hoë-orde aktiwiteit (1)** (1 x 1) (1)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 3.2.3 (a)

**Bied seldsame geleenthede aan (wedrenne, motorsportfeeste, nasionale/internasionale kompetisies). (2)**
**Lok toeskouers, deelnemers en besighede van regoor die streek en selfs landwyd. (Vereis 'n groot drempelbevolking.) (2)**
**Vereis 'n groot reikwydte / mense is bereid om ver te reis. (2)**
**Dit vereis groot infrastruktuur, borgskap en 'n aansienlike bevolking om lewensvatbaar te bly. (2)**
**Dit is nie 'n alledaagse diens vir plaaslike inwoners nie. (2)**
**Dit is 'n duur sport (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

(c) Verskaf bewyse uit die topografiese kaart vir die geskikte ligging van die motorrenbaan in blok **C2**.

**Geleidelike reliëf/platgrond. (2)**
**Oop ruimte beskikbaar. (2)**
**Goeie padtoegang. (2)** (2)

SA EXAM PAPERS Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Naby lughawe. (2)**
**Beperkte nabygeleë behuising. (2)**
**Spasie beskikbaar vir toekomstige uitbreiding. (2)**
**Goeie dreinering benodig. (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2)

3.2.4 Verwys na die ortofotokaart en identifiseer die lynkenmerk by **8**.

**Spoorlyn (1)** (1 x 1) (1)

3.2.5 Beskryf die negatiewe omgewingsimpak van die industriële streek by **I** in blok **B3**.

**Besoedeling van die Buffalo-rivier (2)**
**Besoedeling (aanvaar voorbeelde) (2)**
**Verhoogde stedelike hitte-eiland (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.6 Noem die grondgebruiksone by **9** op die ortofotokaart.

**Residensiële grondgebruiksone (1)** (1 x 1) (1)

3.2.7 Gee 'n rede vir die keuse van die terrein van die grondgebruiksone by **9** op die ortofotokaart.

**Plat grond (1)**
**Toeganklikheid tot die nywerheidsgebied vir werksgeleenthede (1)**
**Toeganklikheid tot die hoofpaaie (1)**
**[Enige EEN]** (1 x 1) (1)

3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.3.1 'n GIS-databasis bestaan uit raster- en *vektordata*.

(a) Onderskei tussen *raster*- en vektordata.

**Rasterdata – gebruik pixels of selle in 'n grafiese ontwerp as rye en kolomme (1) [Konsep]**
**Vektordata – koördinate-gebaseer en word voorgestel deur punte, lyne en veelhoeke (1) [Konsep]** (2 x 1) (2)

(b) Sou jy die ortofotokaart as raster- of vektordata klassifiseer?

**Raster (1)** (1 x 1) (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Verwys na blok **A5** op die topografiese kaart.

3.3.2 Bepaal of die volgende kenmerke 'n punt, lyn of poligoon is.

(a) 'n Ry bome

**Lyn (1)** (1 x 1) (1)

(b) Die stadion

**Poligoon (1)** (1 x 1) (1)

3.3.3 Definieer die term *ruimtelike resolusie*.

**Ruimtelike resolusie is die hoeveelheid detail wat 'n satellietbeeld of lugfoto wys. Dit verwys na die kleinste voorwerp of area op die grond wat in die beeld gesien of geïdentifiseer kan word.**
**[Konsep] (2)** (1 x 2) (2)

3.3.4 Gee die attribuutdata van die rivier in blok **B2** op die topografiese kaart.

**Buffelrivier / naam van rivier (1)**
**Permanente/standhoudende/meerjarige rivier (1)**
**Vloei ooswaarts (1)**
**Benedeloop (1)**
**[Enige EEN]** (1 x 1) (1)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA